Nuusblad

25 Oktober 2026

Liefdegawes

Onder die diens: Barmhartigheidsfonds om hulp te verleen aan lidmate van die Gereformeerde Kerk Randburg (GKR) wat in finansiële nood verkeer.

By die deure: Teologiese Studentekas om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

Gedagte vir die week

"Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder."

Habakuk 3:17-18

Dankie

Dankie aan al die **diensgroepvrywilligers** wat by die eredienste help – met blomme, koffie maak, koekies bring, klank en beeld, groet, taalversorging en meeleeffasilitering.

Baie dankie aan Willy Harris wat as sameroeper van die dankfees opgetree en alles koördineer het. Dankie aan elkeen wat bygedra het om die dankfees 'n reuse-sukses te maak.

Nuwe intrekkers en besoekers

Baie welkom by die GKR. Voltooi gerus die welkomblaadjie in die voorportaal as jy meer wil weet of by ons wil inskakel. Gooi dit in die "Gesels met ons"-posbus in die voorportaal.

Amptelik

Ds. Charl is met **verlof** tot 28 Oktober.

Ds. Joop is met **verlof** van 30 Oktober tot 7 Januarie 2026. Die verlof is saamgestel uit sy gewone jaarlikse verlof en vyfjaarlikse langverlof-verrykingsverlof (meer oor die verlof in volgende week se nuusblad).

GK-Almanak 2027

Die **Almanak van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika vir 2027** kan nou bestel word. Dit kos R140 elk. As jy graag 'n Almanak wil bestel, stuur 'n WhatsApp of e-pos na die kerkkantoor. **Betaling** kan in die rekening vir diakonale dankoffers gemaak word (verwysing Almanak). Kontantbetalings kan in 'n koevert in die dankoffergleuf in die voorportaal geplaas word. Skryf "Almanak" en jou naam op die koevert. **Sluitingsdatum vir bestellings** is 4 November 2026.

Verjaarsdae

Maandag 26 Oktober			
Philip Mostert	082 337 3819		NO 04
Rudolph Rohlandt	084 588 1816		ST 02
Ester van der Merwe (71)	082 788 7294		WA 10
Dinsdag 27 Oktober			
Rudene Joubert	060 503 0317		SO 02
Woensdag 28 Oktober			
Chantelle Roberts	064 757 3623		NO 15
Donderdag 29 Oktober			
Melissa Breed	083 631 3300		SO 11
Esme Kruger (17)	083 273 5578 (Wilna)	082 926 0755 (PJ)	SO 07
Stian Pistorius (6)	079 891 9106 (Jeanie)	072 597 0239 (Theo)	ST 02
Marthinus Potgieter	082 555 7101		NO 17
Henry Simpson	083 495 1869		ST 14
Leon van Deventer	083 415 7224		WA 05
Henriëtte Vlok	082 338 4344		WS 08
Vrydag 30 Oktober			
Susan Brown	083 775 1120		NO 03
Connie Mulder	083 272 1497		WS 02
Braam Oosthuizen (18)	071 600 7838 (Kelpie)	084 677 0317 (Arno)	WS 02
Wouter Schoeman	082 754 1024		SO 04
Saterdag 31 Oktober			
Chamone van Emmenis	066 287 0477		WS 01
Deneil van Zyl (13)	072 954 7912 (Clarence)		NO 15
Willie Venter	082 929 7492		ST 06

Ons leef met mekaar mee

Henning van der Merwe (082 895 3097) is al vanaf 9 Oktober in Flora Kliniek, met erge bloedarmoede. Ons bid vir krag en herstel. Ons dra ook vir **Ester** (082 788 7294) in ons gebede op.

Magdaleen Esterhuizen (083 289 2627) is Maandag in die Wilgeheuwel-hospitaal opgeneem vir hartversaking. Dit gaan al baie beter met haar en sy sal DV binnekort ontslaan word. Mag die Here haar versterk en genees.

Ria Earle (082 774 8851) is in die Wilgeheuwel-hospitaal. Hulle het haar opgeneem vir swak nierfunksie en ’n infeksie, maar volgens haar dogter, Anell, is sy al amper weer haar ou self.

Hansie Kotze (082 326 1126) het weer ’n terugslag gekry en is in die Morningside-hospitaal se waakeendheid opgeneem. Dit blyk dat hy voldoende herstel het om moontlik ontslaan te word en verder by die huis aan te sterk.

Gesprek oor vroue in die diens (VinD)

Die kerkraad het op 27 Augustus besluit dat vroue wat die gawe het tot al drie die besondere dienste geroep kan word. As uitvoering van die besluit is ook ooreengekom om die gemeente te begelei in die Skrifverstaan waarop die besluit berus. ’n Geleentheid hiervoor is Dinsdagaand 13 Oktober gehou. Dit is bygewoon deur 26 mense (fisiek) en ’n verdere agt aanlyn. Die meeste was lidmate.
Met dankbaarheid kan ons getuig dat die gesprek in ’n baie rustige atmosfeer en goeie gesindheid plaasgevind het. Vele vrae van lidmate is bespreek. Sake wat die meeste aandag gekry het, is die verstaan van 1 Timoteus 2:11-14 (waar vroue gemaan word om stil en onderdanig te wees) en of daar ’n verband is tussen die verhouding tussen man en vrou in die huwelik enersyds en die verhouding in die gemeente andersyds, en of/hoe dit weerspieël moet word in die lig van 1 Timoteus 3:2,5 en Efesiërs 5:22 en verder.
Die kerkraad sal verder aandag gee aan die saak en, indien nodig, verdere gesprekke reël. Lidmate is steeds welkom om insette hieroor aan die kerkraad te gee deur e-pos aan skriba@gkrandburg.org.za te stuur. Doen asseblief steeds voorbidding vir die wyse hantering van die saak sodat ons ook hierin God se Koninkryk sal dien tot die eer van sy Naam.

Emeritering van ons predikante.

Oor die algemeen word aanvaar dat predikante in ons kerkverband op die ouderdom van 65 kan emeriteer. Ds. Charl het dié ouderdom op 13 Oktober bereik. In die GKR volg ons ’n werkwyse dat ’n betrokke predikant en die kerkraad minstens een jaar voordat hy 65 word in gesprek tree oor die begeerte van die predikant om te emeriteer of om voort te gaan met diens. Die kerkraad en die predikant beoordeel saam die predikant se bekwaamheid vir die uitoefening van sy dienswerk volgens artikel 13 van die Kerkorde, wat oor die emeritering van predikante handel. Uiteraard word die behoeftes vir bediening binne die GKR ook in ag geneem. Hierdie gesprek word elke twee jaar nadat die predikant 65 geword het, herhaal.
Die kerkraad het ná die bogenoemde gesprekke besluit dat ds. Charl sy bediening in die GKR kan voortsit. Ons is dankbaar teenoor die Here dat hy begenadig is om sy werk steeds met groot ywer te kan doen.

Ons help mekaar

Ons wil die **noodhulptoerusting** by die kerk moderniseer. Ons sal ’n volledige noodhulptas byderhand hê en wil ook ’n plek waar iemand kan lê, inrig. Kontak Morkel Johl (082 498 7070) asseblief as jy ’n **enkelbed, ’n matras of noodhulptoerusting** wil skenk.

Ons vra graag **donasies** om te help met die **onkoste van ons jeugkamp** wat nie deur die kampgeld gedek word nie. Bydraes kan in die kerk se rekening inbetaal word met die verwysing “GKR Jeugkamp”. Kontak gerus vir ds. Stephanu vir meer inligting.

VAKATURE: KOERIERBESTUURDER. ’n Mediese koeriermaatskappy is op soek na betroubare en professionele koeriers om by ons span aan te sluit. Vereistes sluit in:

- Eie betroubare voertuig.
- Bereid om skofte te werk, insluitend naweke, as deel van ons 24-uur-diensleweringsbelofte.
- Moet in Engels en Afrikaans kan kommunikeer.
- Ouderdom: 25-60 jaar.
- Stiptelik en professioneel.

Jou betroubaarheid kan die verskil maak. Stuur jou CV na: michelle@igatzittransport.co.za of kontak Hennie Venter by 072 175 6455.

Kom kuier saam

Saamkuier ná die aanddiens

Baie dankie aan die Bybelstudiegroep vir Jong werkendes wat vanaand **Macaroni-en-kaas** bedien. R30 per persoon om die onkoste te dek, wat kontant of met Zapper betaal kan word.

Inligtingsessie vir nuwe lidmate 31 Oktober | 09:00 – 12:00

Wil jy graag meer van ons gemeente uitvind? Dan is hierdie oggend spesiaal vir jou. Alle **nuwe lidmate** word hartlik uitgenooi na ons **inligtingsessie vir nuwe lidmate**. Ons gesels saam oor die GKR se pad vorentoe en wat alles binne ons gemeente gebeur. Ons geniet ook ’n ligte middagete. Kom ontdek watter Bybelstudie- en diensgroepe daar is waarby jy kan inskakel, en kry sommer die geleentheid om ander lidmate beter te leer ken. Ons nooi ook spesifiek die **lidmate wat van die GK Noordrand** kom.

En natuurlik is **“ou” lidmate ook baie welkom**. Kom kuier saam en help om ons nuwe lidmate tuis te laat voel. Laat weet asseblief vir **Lizette van Wyk teen 28 Oktober** by 083 626 0603 as jy dit wil bywoon. Ons sien uit daarna om saam met jou te kuier en jou beter te leer ken.

LofPrysSing

Ons laaste geleentheid vir die jaar om ons Here te loof en prys is op **28 Oktober.**
Kom sing en kuier saam. 18:30: Koffie en kuier. 19:00: Lofprysing. Vir meer inligting kontak Corné by 084 580 8883.

Hoërskoolkamp 2026 | Mount Komati

Ons nooi al ons hoërskoolkinders om saam te kamp by die pragtige High5 Num-Num-roete. Ons gaan drie nagte by Mount Komati tuisgaan (www.num-num.co.za) en van daar af verskillende aktiwiteite aanpak. Daar sal geleentheid wees vir stap, visvang, perdry en swem, en kinders kan deelneem aan die aktiwiteite waarin hulle belangstel. Natuurlik sal daar ook genoeg tyd wees vir lekker kuier, geloofsgesprekke en sommer net om die mooi omgewing te geniet.
4 tot 7 Desember 2026. R1 500 per persoon (ingesluit: verblyf, etes en aktiwiteite). Plek is beperk, skandeer dus nou die QR-kode om in te skryf.

Ons is dankbaar

As GKR loof en dank ons die Here vir sy genade, liefde en trou, asook vir die seën wat Hy elke dag aan ons skenk.

2 Korintiërs 13:13 verwoord hierdie ryke seën: “Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.”
Elkeen van ons kan daarvan getuig: die Here skenk aan ons genade op genade, omring ons met sy oorvloedige liefde en laat ons deur die Heilige Gees in ’n besondere gemeenskap met Hom en met mekaar leef. Wanneer ons terugkyk op sy sorg en trou, besef ons opnuut hoeveel rede ons het om Hom met ons hele hart te dank en te loof.
Mag die Here ons verder op hierdie pad lei en ons harte met steeds groter dankbaarheid vul. Mag ons dankbaarheid nie net in ons woorde gehoor word nie, maar ook in ons liefde, diens en omgee sigbaar en ervaarbaar word. Aan God alleen kom al die lof en dank toe.

Offergawe vir Oorvloed

Tydens ons Dankfees wil ons juis ons dank aan die Here betoon deur op allerlei wyses te gee. Daarom samel ons op **Sondag 25 Oktober die Offergawe vir Oorvloed** in. Ons wil dit aanwend vir ons gesinsbediening, onder meer vir die verdere inrig van ons speelterrein en vir ons voorskoolse Bybelklassies.

Hoe kan jy gee?

Kontant: Plaas jou offergawe in ’n koevert gemerk “Oorvloed”. Elektronies: Betaal dit in die kerk se bankrekening met “Oorvloed” as verwysing.

Baie dankie vir elke bydrae (groot of klein) en vir harte wat met dankbaarheid gee.

Ons gemeente se bankrekening-inligting.

Maandelikse dankoffers: *Gereformeerde Kerk Randburg; Absa;* *Takkode: 632 005; Tjekrekeningnr.: 170340000.* ***Verwysing**: Jou lidmaatkode/-nommer + van*	**Diakonale dankoffers:** *GKR Barmhartigheidsdiensfonds; Absa;* *Tjekrekeningnr.: 4082000901.*
Snapscan QR-kode: ***Zapper QR-kode:***	***Snapscan QR-kode:*** ***Zapper QR-kode:***

As jy nie weet wat jou lidmaatnommer is nie, kontak die skriba (skriba@gkrandburg.org.za) of die kerkkantoor (kantoor@gkrandburg.org.za).

GEREFORMEERDE KERK RANDBURG

www.gkrandburg.org.za

Dankie, Home Connect, vir gratis Wi-Fi vir uitsendings.
www.home-connect.co.za

Ds. Charl van Rooy	082 377 5912	charl@gkrandburg.org.za
Ds. Joop van Schaik	082 776 7188	joop@gkrandburg.org.za
Ds. Stephanu de Villiers	076 943 1333	stephanu@gkrandburg.org.za
Koster: Morkel Johl	083 629 7470	koster@gkrandburg.org.za
Kerkkantoor: Karina Voogt	082 404 8478	kantoor@gkrandburg.org.za
Orrelis: Anneliese Marshall	082 524 6414	marshall.anneliese@gmail.com
Rekenmeester: Herman Venter	082 457 3897	finansies@gkrandburg.org.za
Kerkraadskriba: Gert Lindeque	083 283 1180	Skriba@gkrandburg.org.za
Emerituspredikante:	Ds. Koos Saayman (082 338 8150)	
	Ds. Nico Botha (083 629 8740)	
	Ds. Frederik Dreyer (082 873 6634)	
	Ds. Chris Coetsee (072 728 6425)	

BYBELSTUDIE GROEPE WAAR JY KAN INSKAKEL

Maandag				
06:00	Nico Welman	082 330 1647	Werkende mans (maar enigeen welkom).	Aanlyn
Dinsdag				
06:00	Martin Nienaber	071 886 8669	Mannegroep (maar enigeen welkom).	Aanlyn
Woensdag				
07:30	Jan Schutte	011 787 3950	Landswye mannegroep (verskeie kerke); ouderdomme tussen 65 en 80.	Aanlyn
09:30	Elize Johl	082 892 9911	Bybelstudie o.l.v. ds. Charl. Hoofsaaklik senior lidmate - maar enigeen welkom.	Kerkgebou
11:00	Ds. Joop		Klein groep senior lidmate o.l.v. ds. Joop.	Kerkgebou
11:00	Elsabe Welman	082 330 1648	Bybelstudie o.l.v. ds. Charl. Tans mense ouer as 50 (enigeen welkom).	Kerkgebou
19:00	Corné Engelbrecht	084 580 8883	Almal welkom.	Northwold/Boskruin - roteer
19:00	Charl Strydom	0826704264	Vir die nie-meer-so-jonk-getroudes en enkellopendes.	Boskruin
19:00	Marno du Plessis	082 224 6922	Jong werkende groep tussen 25 en 39 jaar.	Kerkgebou - Teofilus B
19:00	Francois de Jager	073 037 1155	Jong werkende groep tussen 25 en 39 jaar.	Kerkgebou - Teofilus A
19:00	Sonja Barker	0824614712	Karpos: Ouer as 50. Skuif na die Donderdag as daar die week LofPrysSing is.	Kerkgebou
Donderdag				
11:00	Antoinette Steyn	083 388 1034	Dames o.l.v. ds. Stephanu.	Kerkgebou